

# NUTTIGE INLIGTING



## WATSE BASIESE INLIGTING OOR ISLAM MOET EK VAN BEWUS WEES?

Die word Islam beteken eenvoudig 'onderdanig aan die wil van Allah'. Allah is die God van Islam. Islam is 'n monoteïstiese geloof wat in die 7de eeu tot stand gekom het onder die leiding van Mohammed. Mohammed is beskou as 'die volmaakte man', maar nie as goddelik nie. Navolgers van Islam word Moslems genoem wat beteken, 'die wat hulself onderwerp'. Islam sluit beide oortuigings ('Die Vyf Leerstellings van Islam') en pligte ('Die Vyf Pilare van Islam') in.

## WAAROM IS RAMADAN BELANGRIK IN DIE ISLAMITIESE GELOOF?

Ramadan vier die eerste vyf openbaarmakings wat Mohammed ontvang het. Die doel van die Ramadan-seisoen is om Moslems weg te neem vanuit hul alledaagse leefstyle sodat hulle hul lewens kan 'ondersoek' in die konteks van 'n hoër ideaal. Byvoorbeeld, om honger te ervaar maak jou meer bewus van minderbevoorregtes; en om werklike lyding, hoewel in 'n mindere mate, te ervaar berei jou voor vir erger situasies. Die gevoel van gemeenskap is baie sterk gedurende Ramadan.

## WAT WORD VAN MOSLEMS VERWAG GEDURENDE RAMADAN?

Alle Moslems (behalwe kinders onder die ouderdom van 12, swanger vroue of moeders wat borsvoed, die swakkes, oues en siekes) moet hulself gedurende die dag weerhou van rook, eet en drink (selfs water). Dit is slegs 'n paar van hul beperkings.

## HOE WORD DIE DATUM VIR RAMADAN BEPAAL? WAAROM VERANDER DIT?

Die datums vir Ramadan word bepaal volgens die maankalender wat 354 dae het. Dit word verdeel in maande met 29 of 30 dae elk. Elke dag begin wanneer die son sak (nie om middernag nie). Die vastydperk begin en eindig gewoonlik wanneer die sekelmaan sigbaar is en daarom is dit elke jaar anders.

## WAT IS DIE HOOFSEKTES VAN ISLAM?

**Soennis**, die meerderheid van Moslems, is volgelingen van Abu Bakr as Mohammed se opvolger. Soennis deel die oortuiging dat geen man of heilige man tussen 'n persoon en sy God behoort te kom nie.

**Shiite** Moslems is volgelinge van die profeet Mohammed se neef en skoonseun, Ali. 'n Imam, 'n heilige man, tree op as 'n tussenganger tussen Moslems en God.

**Soeffi** Moslems is 'n klein groep Moslems wat poog om die waarheid van bonatuurlike liefde en kennis te vind deur direkte persoonlike ervaringe met God.

## **DIE VYF PILARE VAN ISLAM**

- Die opsê van hul belydenis van hul geloof – “Daar is geen ware God behalwe Allah nie, en Mohammed is die BoodsAPPER van God.” (Shahada)
- Gereelde gebede (Salat) – vyf keer per dag, op spesifieke tye.
- Bydraes tot liefdadigheid (Zakat).
- Vas, veral tydens die heilige maand van Ramadan (Sawim).
- Doen mee aan die Pelgrimstog na Mekka in Saoedi-Arabië ten minste een keer in 'n leeftyd (Hadj).

## **DIE VYF LEERSTELLINGS VAN ISLAM**

- Een God, die Skepper van alle dinge (nie God drie-enig nie).
- Die geloof in engele en bese geeste.
- Profete sluit in: Adam, Noag, Abraham, Moses, Dawid, Jona, Jesus en Mohammed (let wel: hulle beskou Jesus as 'n profeet).
- Heilige boeke sluit in die Torah, Zabur (Psalms), Injil (Evangelie) en die Koran.
- Daar sal 'n Oordeelsdag vir alle mense wees.

## **WAT IS SOMMIGE MOSLEM-IDEES OOR JESUS?**

- Jesus is net 'n profeet; Hy is nie die Seun van God of God in die vlees nie.
- Jesus het nie aan 'n kruis gesterf nie. Hy het direk hemel toe gegaan.
- Jesus is wonderbaarlik deur God gevorm in die maagd Maria se baarmoeder.

T 011 888 9341  
E [southafrica@od.org](mailto:southafrica@od.org)  
I [www.opendoors.org.za](http://www.opendoors.org.za)



**Geopende Deure**

Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd

